WEEK 52

29 Desember 2023

DRUIWE BEMARKINGSVERSLAG

Die eerste drie skepe het in die EU aangekom. Met die uitsondering van een kultivar is die aankomstes goed. Die mark is nog gunstig op hierdie stadium. Verkope is goed, alhoewel heelwat druiwe die voor-Kersfees periode gemis het. Pryse is nou, soos verwag, aan die daal en verdere veranderinge kan in week 1 en 2 verwag word.

Die vertrek van die One Readiness na Europa is tot ‘n mate geraak deur die probleme in die hawens, maar die eerste groot vertragings is nou die Santa Cruz na Europa en die Kota Lekas na die Ooste. Die vertraging is in die orde van 10 dae. Die Chinese Nuwejaar is vanaar op 10 Febuarie en die groot verkope van vrugte sal vanaf 5-8 Februarie plaasvind. Ons poog dus om alle Ooste verskepings te doen voor einde week 2 om op die laatste teen 2-4 Februarie te arriveer in die bepaalde hawens.

Daar is vir gister en vandag baie reën voorspel vir die Augrabies omgewing. Dit het egter gister nie eintlik gereën nie en daar kon vanoggend meesal geoes word. Die reën begin nou uitsak. Die paktoestande was dus tot op hede nog besonder gunstig. Tot watter mate die reën van vandag die druiwe gaan beinvloed, sal vroeg volgende week gesien kan word. In die Weskaap het die reën wat voorspel is nie gerealiseer nie.

Sterkte met 2024 wat om die draai is.

Groete.

Sapex Span